

Wie was die 12 de apostel ?

Wie was die 12 de apostel? Uittreksels van Carl Jung se werke.

Was daar net twaalf apostels ?

Baie Christene glo dat Paulus die opvolger van Judas Iskariot was, 'die een wat YAHUSHA verraaai het'. Sommige het selfs geglo dat Petrus uit sy beurt was om in die plek van die verraaier 'n plaasvervanger te kies, en dit nogal voor die eersteling fees. Dit het nogal dieselfde atmosfeer geskep die dag toe Ismael weg gejaag was met sy ma sodat Isak die alleen eienaar en besitter van Abraham se eiendom moes wees.

Die titel van die "apostel", soos dit gebruik word in die Nuwe Testament, is deur Paulus misbruik. Hy het die geleentheid aangegryp om homself in te lyf as die plaasvervanger. Daar was nie eens 'n vergadering rondom Paulus tot apostelskap nie. Duidelik in Openbaring (deur YAHUSHA) is daar spesifieke na die twaalf verwys as "die apostels van die Lam." Openbaring 21:14 *En die muur van die stad het twaalf fundamente gehad, en daarop was die name van die twaalf apostels van die Lam.*

Matt. 19:28 En YAHUSHA sê vir hulle: Voorwaar Ek sê vir julle dat julle wat My gevolg het, in die wedergeboorte wanneer die Seun van die mens op Sy lofwaardige troon gaan sit, julle ook op twaalf trone sal sit en die twaalf stamme van Israel sal oordeel.

Let op wat YAHUSHA sê vir Sy volgelinge: "die wat My gevolg het" Wat ons in gedagte moet hou is dat daar meer as 'n honderd ander (behalwe die twaalf "apostels") "dissipels" YAHUSHA gevolg het. Hulle was daar toe YAHUSHA hierdie woorde gespreek het. Was Paulus een van hulle? Ek is bevrees hy was nie! Dus, as Judas Iskariot se naam nie een van die twaalf name op die fundamente van die stad is nie wie is dit dan? Wie sal die twaalfde apostel wees wat Israel sal oordeel. Waar kom Paulus aan sy apostelskap en wie gee hom die reg om Israel te oordeel?

Om 'n antwoord te kry moet ons kyk na Petrus. Hy roep 'n vergadering bymekaar om 'n plaasvervanger vir Judas te kry. Die doelstelling op die vergadering is om weer twaalf Apostels te wees. Niks meer en niks minder nie. Op die vergadering was daar honderd en twintig mense waarvan daar uit hulle 'n verkore apostel moes kom. Die kriteria was redelik maklik. Die uitverkore lid uit die vergadering moes vanaf die doop van YAHUSHA tot op Sy hemelvaart saam met die apostels gewandel het (m.a.w. drie en 'n half jaar lank). Hand.1:15-17,20-22 Hy moes saam met die apostels YAHUSHA in Sy werke aanskou het en so ook alles gehoor het wat Hy gespreek het. Matt. 19:28 *En YAHUSHA sê vir hulle: Voorwaar Ek sê vir julle dat julle wat My gevolg het, in die geboorte van bo wanneer die Seun van die mens op Sy lofwaardige troon gaan sit, julle ook op twaalf trone sal sit en die twaalf stamme van Israel sal oordeel.*

Dus moes daar 'n twaalfde getuie oor YAHUSHA kom uit die honderd en twintig lede van die vergadering 'waarvan Paulus nie teenwoordig was nie'. Petrus was baie ernstig om 'n gekwalifiseerde persoon te kry, want die Eerstelinge fees (Pinkster) was op hand.

Op die vergadering het hulle toe op twee kandidate (Matt. 18:18-20) uitgekome wat Barsabas en Matthias heet (Hand. 1:23-26). Die lot (Urim en Tummim Ex. 28:30; Deut. 33:8) het op Matthias geval waarvan Petrus en sy mede apostels tevrede mee was.

Nou wie was Matthias?

Daar is feitlik niks in die Skrifte rondom Matthias nie, tog was hy gekies as een wat bekend was onder die apostels. Vir ons wat die Skrifte lees was dit net 'n naam en niks verder nie. Hier is 'Carl Jung' se teorie waarvan ek grotendeels mee saamstem.

Ek haal aan:

Die skrywer (dit is nou van die boek Handeling) is van die geheimsinnige Q bron? Ek verbind hom (Matthias) met 'n aantal redes.

"Q" is die etiket wat geleerdes gegee was wat aan 'n enkele geskrewe teks waaruit die sinoptiese evangelie skrywers opgetel word uit 'n groot deel van hul gegewe inligting. Die boeke van Mattheüs, Markus en Lukas word die "sinoptiese Evangelies" genoem, want hulle is 'n verkorte uiteensetting van die gebeure rondom YAHUSHA se bediening, en hulle is soortgelyk in so baie maniere dat dit duidelik voorkom dat elkeen in verkorte verduideliking van hulle werke dieselfde geskrewe bron is. 'N perfekte voorbeeld van hierdie skrywers is die verhaal van die Ryk Jongman. Hierdie verhaal vind ons in al drie sinoptiese Evangelies. Elkeen bevat inligting wat die ander uitgelaat het. Ons bepaal wel dat al drie die skrywers die man as 'n ryke deurgee. Mattheüs is die enigste een wat ons vertel dat hy 'n "jong" man was; Lukas vertel ons dat hy 'n "leier" was. Dit maak nie saak uit watter evangelie dit gelees word nie, want dit gee nog steeds deur dat dit 'n "ryk jongman" was. 'N parallelle vergelyking van die drie skrywers van die ryk jongman is om te sien hoe die oorspronklike "Q" skrywer Sinopties die Ryk Jongman beskrywe.

Kom ons neem 'n hipotetiese kyk na wat kon gebeur het in die tyd van Petrus toe hy vir 'n plaasvervanger vir Judas gesoek het (wat onthou moet word is dat dit regte mense was wat opgetree het en gedink het soos ons doen vandag). Gedurende YAHUSHA se stap op aarde, saam met die twaalf apostels, was daar onder die volgers 'n begaafde man wat getrou aantekeninge gemaak het wat YAHUSHA en Sy apostels oor alles wat gebeur het en gesê was aangeteken het.

Ek wil eintlik sê dat hy gesien kan word as 'n Aramese snelskrif skrywer wat in die agtergrond tussen die skare soos 'n nuus verslaggewer was.

Toe Petrus die versoek aan die vergadering rug, na Judas se verraad, wat tot vervulling van die twaalfde apostel moet kom, kom daar 'n man wat oor die jare van hulle wandelinge saam met YAHUSHA presiese opgetekende data het na vore. Ek glo toe Petrus die man se werke sien was hy sy kandidaat tot vervulling van die pos. Die man was 'n akkurate dagboek skrywer van alles wat gesê en gedoen was. "Is dit nie presies waarna hulle opsoek was nie"?

Ek glo ons Skepper het die lot op die man laat val. Bo en behalwe die verkiesing lê daar nog 'n interessante prentjie voor. Die naam "Matthias" is die Griekse weergawe van die naam "Matthéüs"! Hulle is identies ... een en dieselfde! Daar was twee persone met die name Matthéüs, en net soos wat daar twee apostels met die naam Simon, en so ook twee apostels genoem Jakobus. Matthéüs die belasting versamelaar word algemeen beskou as die skrywer van die evangelie van Matthéüs, maar dit is net tradisie van mond tot mond informasie wat oor gedra word. Ons weet nie regtig (verseker) wie Matteus geskryf het nie, want dit staan nie daar wie dit geskrywe het nie. Die naam Matthéüs, wat die tollenaar was, is losweg die outeur van die Matthéüs boek genoem asof dit nou net hy was. Hy was mos 'n tollenaar en dus geletterd om 'n boek te kon skryf.

Hier is wat ek (Carl Jung) dink gebeur het. Matthias was 'n begaafde skrywer wat getrou aan die woorde en gebeure rondom YAHUSHA se bediening gedokumenteer het. In teenstelling met Paulus, was hy daar! Toe Petrus uitgeroep het vir 'n plaasvervanger vir Judas het Matthias se name na vore gekom as 'n perfekte kandidaat (want hy het die geskrewe rekord). Ons Skepper het veroorsaak dat die lot op hom val en dat hy het die ware plaasvervanger vir Judas moet wees (die geskrewe rekord van Matthias was die bron wat die sinoptiese evangelies gebruik het soos Markus en Lukas). Dink net daaraan dat 'n anonieme persoon Matthias' se rekord gebruik het om die Evangelie van Matthéüs te skrywe. As 'n skrywer van presiesheid vertaal en verkort hy baie werke wat op die manier van Markus en Lukas was. Die skrywer het ook 'n bietjie van sy eie insig bygevoeg... soos onder ander waar hy gereeld probeer het om gebeure in YAHUSHA se lewe te assosieer met profesieë van die Hebreëuse Skrifte (ou Verbond). Soos ek genoem het is dat die Matthéüs boek skrywer nêrens homself geïdentifiseer het nie en dat die algemene skrif leser aanvaar het dat dit Matthéüs die tollenaar moes wees. Dit is interessant om daarop te let dat die Sinoptiese Evangelies geskryf is om 'n buitekantse perspektief deur te gee wat 'n teenstelling is wat vanuit die perspektief van een van die twaalf kan wees. In die evangelie van Matthéüs hoofstuk 9 het die skrywer homself gedistansieer deur te sê dat YAHUSHA, "het 'n man met die naam Matthéüs ...". Dit sou 'n bietjie ongewoon vir iemand wees om te verwys na homself op hierdie manier, maar as dit geskryf word deur iemand anders met dieselfde naam wat aan die buitekant van die twaalf is, sou dit wel 'n perfekte sin maak.

Gevolgtrekking

Of Matthias die skrywer van "Q" is of nie, hy is sonder twyfel die enigste geloofwaardige twaalfde apostel, omdat hy daar was ... dus voldoen hy aan die vereistes van beide YAHUSHA en Petrus. Hy is, in alle waarskynlikheid, ook die skrywer van "Q", die bron waaruit die drie sinoptiese evangelie skrywers hul meeste inligting verkry het. As ons die samestelling van Paulus se briewe vat kry jy enkele aanhaling van YAHUSHA wat hy gebruik en so ook enkele gebeurtenis waar YAHUSHA bedien het. Dus vertel Paulus ons niks oor wat Hy gesê of gedoen het nie! (want hy was nie daar nie). Elke hoofstuk in die Sinoptiese Evangelies bevat baie keer meer inligting oor YAHUSHA as al Paulus se geskrifte saam gestel. Dit behoort nie moeilik te wees om te verstaan waarom Paulus YAHUSHA so baie min aan haal nie. Hy was nie daar nie!

Noemenswaardige aanhalings

Paulus het waar moontlik YAHUSHA se onderrig vermy en homself ingebring tot die een wat onderrig. Hoe kan jy op Paulus se woorde op staat maak as hy nie YAHUSHA se leringe nie deurgee nie. Wat van die gelykenisse en die bergpredikasie waarvan hy nie in belang gestel het nie. Wat van die "Onse VADER gebed", wat Hy vir Sy apostels geleer het; dit sou ook verlore gewees het! Hoe sou ons die "VADER" leer ken het as dit nie vir die Sinoptiese Evangelies was nie. Paulus sien YAHUSHA oor die hoof met sy eiesinnigheid.

Omrede hy nie saam met die apostels was nie moes hy die ou Verbond tot sy eie denke misbruik, want YAHUSHA was nie sy Leermeester nie. Duidelike afwykings van die oorspronklike skrywers, van die ou Verbond tydperk, kan bespeur word in sy weke. Paulus het YAHUSHA nooit gesien as sy "LOSSER" nie, maar eerder as 'n verlosser van 'n sekere groep waarvan die apostels deel van was. Vir hom was dit natuurlik 'n oog oopmaker om 'n nuwe godsdiens te begin waarvan die Christendom sy resultaat is. Jakobus, Petrus en die ander Apostels was 'n nuwe sekte waarvan hy hom nie wou verbind nie, maar eerder sy eie evangelie wou verkondig.

Nou die boek van Hebreërs

Wie het die boek Hebreërs geskryf?

Baie geleerdes glo dat die boek Hebreërs nie deur Paulus geskryf is nie. Ten spyte van die feit dat die boodskap van Hebreërs ietwat soortgelyk is aan dié van Paulus se lering, onder andere die wegdoening van die wet, moet ons na 'n paar aspekte kyk.

Eerstens: in teenstelling met Paulus se briewe het die skrywer van Hebreërs nie homself identifiseer nie. Tweedens: is die skrywer se begrip van die Griekse taal beter as Paulus sin. Die skrywer van Hebreërs is meer welsprekende en poëtiese in styl. Derdens: Paulus se voortdurende veranderde styl (soos van die os op die jas) waarvan die skrywer van Hebreërs 'n sistematiese reël volg van begin tot einde. Vierdens: Paulus se styl is om voortdurend te verwys na homself met die gebruik van persoonlike voornaamwoorde soos "ek", "my" en "myne". Die skrywer van die boek Hebreërs verwys na homself net 7 keer in die hele boek. In Romeine, so ook in 1 en 2 Korintiërs gebruik Paulus 103, 175 en 103 persoonlike onderskeidelik voornaamwoorde per brief.

Daar is twee moontlike kandidate vir die outeurskap van Hebreërs. Hulle is Barnabas, en Apollos. Baie geleerdes glo dat Barnabas die skrywer was en dit uitsluitlik op grond van die getuienis van Tertullianus rondom 207 nM. Toe, sowat 20 jaar later het Origen beweer dat die skrywer anoniem was! Ek (Carl Jung) persoonlik is geneig om te dink Apollos is die mees waarskynlike skrywer van Hebreërs vir verskeie redes. Apollos was 'n leier in die vroeë Joodse kerk en hy word tien keer genoem in die NT. twee keer in die boek Handeling en agt keer deur Paulus self m.a.w. ons is die eerste keer in Handeling aan hom voorgestel.

Luister nou mooi.

'n Sekere Jood met die naam Apollos, was in Alexandrië gebore. 'n Welsprekende man, en bekend dat hy die Skrif ken, het in Éfese aangekom. Hierdie man het onderrig ontvang in die weg van YHUUH (YAHUSHA) en was vurig van gees. Hy het gesprek en noukeurig geleer van die dinge van YHUUH ... Hand 18:24

Hou in gedagte van die kommentaar van Apollos "noukeurig geleer", want dit kom van Lukas se standpunt. Hierdie beskrywing van Apollos het die skrywer van Hebreërs soos 'n handskoene gepas. Paulus praat ook van Apollos as 'n prominente leier met 'n betekenisvolle die volgende. Sy naam is reg lank syne genoem in sy briewe. Ons lees in 1 Kor.1:12 "Ek is van Paulus," of "Ek is vir Apollos," of "Ek is vir Sefas;" of "Ek is van die Gesalfde." Paulus dink ongetwyfeld baie van Apollos, want Apollos se algemene leer is eens met sy leer. Ons weet ook dat Apollos by Paulus beïnvloed was deur Aquila en Priscilla, want hulle het baie tyd met Paulus spandeer oor die lering van YAHUSHA. Hand 18:18-28

As Apollos wel die skrywer van Hebreërs was sou dit ook perfekte sin maak waarom hy nie homself geïdentifiseer het as die outeur nie. Sedert die brief geskryf is aan die Hebreëuse sprekende mense sou dit verkeerd gewees het as hy homself geïdentifiseer het by naam, want hulle ken deur die naam van 'n persoon van waar hy is.

Hier is die rede:

Apollos is gebore in Alexandria Egipte en word vernoem na die heidense god Apollo ... die seun van Zeus! 'N Boek geskryf deur iemand met die naam "Apollos" sou groot probleme veroorsaak het deur die Hebreëus sprekende.

Die volgende vraag is: Is die Hebreërs boek beter as Paulus se briewe?

Dit maak min verskil wie die boek van Hebreërs geskryf het. Dit is die onderwerp (doktrine) en leer van die boek wat ter sprake is. Ons weet nou dat Paulus 'n valse apostel en sy woorde ver van die onfeilbare woord van ons Skepper is, maar as Paulus nie die skrywer van die Hebreërs boek is nie is die vraag: is dit beter as syne? Hierdie boek wat aan die Hebreërs gerug was, was en is nog steeds 'n gunsteling onder baie lesers. Twee dinge wat aangespreek moet word rondom die vraagstuk is om die styl te ontleed en die werklike boodskap wat na vore kom te ontleed.

Die styl van die skrywer:

Of dit nou geskryf is deur Apollos of dan nie is dit sonder twyfel 'n boek gerig aan die Hebreërs wat ryk is in die Hellenistiese filosofiese denkende en styl. Vroeg in die eerste eeu, was daar nog 'n Joodse geleerde ... 'n vrugbare skrywer en uitlêer van die Hebreëuse Bybel wat bekend staan as Philo Judaeus van Alexandrië. Interessant genoeg, Alexandria Egipte is dieselfde plek waar Apollos gebore was! Alexandrië was 'n mekka vir dié van Plato filosofiese studies met een van die antieke wêreld se mees omvattende biblioteke. Die styl van Philo se geskrifte is merkwaardig soortgelyk aan sommige van dié wat in die boek van Hebreërs staan. In die voorwoord van C.D. Yonge se vertaling van Philo se werke, David M. Scholer maak hierdie waarnemings dat Philo definitief deur die Hebreëuse boek gelees was. As die onlangse kommentator op Hebreërs het Harold W. Attridge opgemerk dat daar onteenseglike ooreenkomste is wat daarop dui dat Philo en ons outeur (Hebreërs) dank verskuldig is aan soortgelyke tradisies van die Griekssprekende en denkende Judaïsme".

In Heb.8:05 argumenteer die skrywer: "Hulle aanbidding 'n heiligdom wat 'n skets en skaduwee is van die hemelse eenheid." Die onderskeid tussen 'n "hemelse werklikheid" en die waarneembare, fenomenale wêreld as "Skets en skaduwee" is 'n (middel) Platoniese idee en hy dra veel in gemeen met Philo se uitdrukkings van hierdie idees.

Soos daar beweer word deur die geleerdes het die Hebreër boek sy ontstaan in die jaar 80 tot 85 nM gekry.

Kom ons kyk na 'n baie belangrike onderwerp wat in die 5 de hoofstuk staan. Die skrywer gebruik 'n profetiese aanhaling wat in Psalm 110 staan waarvan hy Melgisédék gebruik (of moet ek sê misbruik).

Voor ek verder gaan moet ek twee punte verduidelik om 'n breër prentjie te gee. Die naam Melgisédek bestaan uit twee frases, nl: "Melek" wat Koning beteken en "tsedek" wat Geregtigheid beteken. Salem is die plek waar (VADER woon) hierdie Koning regeer. Dawid beteken "Geliefd of Geliefde Een"

Heb 5:9 en nadat Hy volmaak is, het Hy vir almal wat Hom gehoorsaam is, 'n bewerker van ewige saligheid geword :10 en is deur VADER genoem 'n hoëpriester volgens die orde van Melgisédek; :11 waaroor ons veel te sê het wat swaar is om te verklaar, omdat julle traag geword het om te hoor.

Heb 7:1 Want hierdie Melgisédek was koning van Salem, priester van VADER, die Allerhoogste, wat vir Abraham tegemoetgegaan het by sy terugkeer toe hy die konings verslaan het, en hom geseën het; :2 aan wie Abraham ook 'n tiende deel van alles gegee het—hy was in die eerste plek, volgens uitleg, Koning van die geregtigheid en dan ook Koning van Salem, dit is Koning van vrede; :3 sonder vader, sonder moeder, sonder geslagsregister, sonder begin van dae of lewenseinde, maar gelykgestel aan die Seun van VADER, bly Hy priester altyddeur. :4 Let nou op hoe groot hierdie man was, aan wie selfs Abraham, die aartsvader, 'n tiende van die buit gegee het.

In die vyfde hoofstuk probeer die skrywer Melgisédek met YAHUSHA vergelyk en gaan voort in hoofstuk sewe waar beide vermoedelik geen genealogiese rekord of begin of einde van die dae het nie!

Melgisédek word verduidelik dat hy 'n Koning is en so ook dat hy 'n Priester is (vir die interessante weet die skrywer nie om Melgisédek of YAHUSHA te verduidelik as wese nie, want hulle was nie daar saam met die apostels om hulle te kan verduidelik nie!).

Nou as daar reeds 'n Priester en 'n Koning is, (*Gen 14:18 En Melgisédek, die koning van Salem, wat 'n priester van VADER, die Allerhoogste, was, het brood en wyn gebring*) hoekom sal daar weer een aangestel word as die bestaande een verewig 'n Koning en Priester is! Die skrywer gaan voort om dit so moeilik as moontlik te maak (deur hulle afwesigheid toe YAHUSHA op aarde was) deur om te noem dat Melgisédek nie aan die Levitiese of Juda stam behoort het nie. So het die skrywer YAHUSHA ook gedistansieer van die Leviete en dus kan YAHUSHA nie 'n Priester word, maar tog deur daardie spesifieke orde mag Hy nou een word. Die skrywer noem dit self dat dit moeilik is om te verstaan en gaan dan sommer oor om die leser aan te val as 'dom' omrede hulle dit nie kan verstaan nie.

Deur dit wat gesê was deur die skrywe en Paulus klink dit net logies dat as daar 'n verandering in die priesterdom was moet daar noodsaaklik ook verandering in die Wet van YHUH (Moses) wees (Hebreërs 7:12)!.


So nou sit ons met twee Wesens wat eintlik nie mag wees nie, maar tog is.

In die boek van Lukas word dit aangeteken dat YAHUSHA se moeder Maria 'n "niggie" was van Elisabeth wat weer 'n " dogters van Aaron was". (Lukas 1:5,36) Die Griekse woord vir "neef / niggie" beteken letterlik naby bloed (genetiese) of selfs familie (sien Strongs 4773) Elisabeth was veel ouer as Maria, dus moes sy Maria se tannie gewees het.

In Levitikus beveel ons Skepper dat die Levitiese manne met Levitiese vroue moet trou. (Lev 21:1,13-14, 22:12-13) maar Levitiese vroue aan die ander kant is toegelaat om te trou buite die stam. Ons weet dat Maria se pa Heli was, wat 'n afstammeling van Dawid uit die stam van Juda was (Lukas 03:23 Baie geleerdes stem saam dat Josef, Heli se skoonseun was). So as Maria 'n niggie van Elisabeth was beteken dit dat Maria se ma 'n suster of tannie van Elisabeth moes wees wat beteken dat Maria se ma 'n "dogter van Aaron" sou wees! M.a.w. as Maria en Elisabeth niggies was dan was Maria se moeder 'n suster van een van Elisabeth se ouers gewees, want albei moes volbloed Leviete vir Elisabeth gewees het om "dogter van Aaron" genoem te word wat wettig getroud was met die priester Sagaria. Dus was Maria se ma suiwer in bloed (Leviet). Sy het toe getrou buite die Levitiese stam met Heli van die Juda stam. As jy nou die bloedlyn kaart hier langsaan kyk sal jy sien dat Maria 'n perfekte kombinasie van beide stamme se bloed in haar gehad het (Juda en Levi). Net vir die interessante. 'n Klompie jare gelede het Ron Wyatt van Amerika die foltering (Golgota) en die graf ontdek van YAHUSHA waarvan hy publiek gegaan het oor sy ontdekking. Met sy ondersoek het hy in 'n tunnel gegaan wat reg onder die folterpaal gat was. Tot sy verbasing het hy op baie meer as wat hy verwag het afgekom. Hy het met foto's en video materiaal opnames van die Verbondsark gemaak wat hy daar gevind het. Hy vind toe droë bloed op die steen wat die Verbondsark beskerm het. Hy het 'n monster van die bloed na 'n laboratorium gevat om dit te ontleed. Hy het nie die laborant gesê van waar die bloed kom nie. Met ontleding wou die laborant weet waar hy die bloed kry, want die telling is 24 chromosome, een manlik en 23 vroulik, waar 'n normale telling 23 manlik en 23 vroulike chromosome moet wees. Die manlike chromosome noem hulle die Y chromosome waarvan dit in Maria se bloed moes voorkom weens die ontdekking. Dus was ons Skepper doelgerig om Juda en Levi saam te bring in een Man.

(Sien gene lyne hierlangsaan)

Kom ons kyk na YAHUSHA se stamboom.



Dawid (Juda) is aangestel deur YHUUH om die heerser oor die vleeslike en Levi die oor die geestelike te wees. As ons die bloedlyn bo bestudeer kom die twee bloedlyne bymekaar by YAHUSHA maar tog was dit in die begin by YHUUH – (SHA).

Kom ons kyk 'n paar beloftes aan Dawid. *Ps. 89: 34 Maar My goedertierenheid sal Ek van hom nie wegneem en My trou nie verbreek nie. : 35 Ek sal My verbond nie ontreinig nie, en wat oor My lippe gegaan het, sal Ek nie verander nie. : 36 Een maal het Ek gesweer by My reinheid: Waarlik, Ek sal vir Dawid nie lieg nie!* *89: 37 Sy nageslag sal vir ewig wees en sy troon soos die son voor My.* Jer.33:17; Eseg.37:24,25; Luk.1:32,33; Sag.6:12,13

Soos ek bo genoem het dat Dawid "geliefd" beteken en Melgisédék Koning van Geregtigheid sal die prentjie nou mooi deurkom. *Ps. 110:4 VADER het gesweer, en dit sal HOM nie berou nie: U(YHUUH MY SEUN) is Priester vir ewig volgens die orde van Melgisédék (JOU ORDE MY SEUN YHUUH WAT KONING IS VAN GEREGTIGHEID) . Eseg. 37:24 En MY(VADER) kneg Dawid(GELIEFDE SEUN YHUUH) sal Koning oor hulle wees, en hulle sal almal een herder(YHUUH - SHA / YAHUSHA)....:25 En hulle sal woon in die land wat Ek (VADER) aan MY kneg Jakob gegee het, waar julle vaders in gewoon het; ja, hulle sal daarin woon, hulle kinders en hulle kindskinders tot in ewigheid; en MY Kneg Dawid (MY GELIEFDE SEUN YHUUH) sal hulle vors wees vir ewig.* Halleluja